



# Ger reformeerde Kerk Die Kandelaar te Pretoria

SKRIBAAT: POSBUS 31527, TOTIUSDAL 0134



Tel 081 353 1351; e-pos skriba@gkkandelaar.co.za

25 Maart 2020

Geliefde Gemeente,  
Per e-pos

Graag vra ons u aandag rakende eredienste en verdere bediening tydens die "Lockdown" periode soos aangekondig deur die Staatspresident.

### Erediensreëlings vir die volgende 3 Sondae:

- Ds Chris lewer sy preek vanuit die pastorie, dit word egter vooraf opgeneem sodat u dit kan aflaai en komende Sondag kan beluister wanneer dit vir u geleë is.
- U word egter versoek/aangemoedig om na Die Kandelaar se erediens te luister en waar moontlik op die gewone tyd Sondagoggend om 09h30, sodat ons tog op 'n manier met mekaar meeleeft.
- Dit behoort oorlading op die stelsel te voorkom omdat verskeie gemeentes in die Moot waarskynlik beplan om van "online streaming" gebruik te maak.
- Vir eerskomende Sondag word slegs die oggendiens opgeneem en geplaas. Ons gaan probeer om op die daaropvolgende twee weke albei eredienste op te neem en beskikbaar te stel.
- Die normale liturgie word gevolg, al verskil is dat die Psalms deur ds Chris voorgelees word sodat u dit kan volg in u Psalmboek.
- Die "link" om die erediens af te laai word op die webtuiste geplaas en ook per e-pos aan u versprei.
- U kan dan op u rekenaar of slimfoon daarna luister.
- Kollekte kan per "EFT" gedoen word, die diakonie sal die korrekte bankbesonderhede deurgee, die kerkraad het verder goedgekeur dat ons die SnapScan metode vir 'n proeftydperk van 6 maande probeer, meer besonderhede oor die QR kodes sal deur die kerkkantoor aan u versprei word.

### Begrafnisreëlings van br Henk Salomons

- Avbob personeel alléén mag hom begrawe, daar kan dus ongelukkig niemand van die gemeente of familie die begrafnis bywoon nie. Dit is ook so met die direkte familie afgespreek.
- Dit sou sin maak om eers op 'n later stadium wanneer dit geleë is wel 'n troosdiens te hou.

### Kerkraadsvergaderings, huisbesoeke en katkisasie

- Geen kerkraadsvergadering of huisbesoeke mag plaasvind nie.
- Sover moontlik moet u van ander kommunikasie-middels gebruik maak om met lidmate in u onderskeie wyke te skakel, te bemoedig en te ondersteun (Fillipense 2: 1-18) Daar is byvoorbeeld reeds Bybelstudiegroepe wat via elektroniese media met mekaar kan vergader, dit kan in hierdie tyd met vrug aangewend word.
- Katkisasielasse (veral vir die belydenisklas) word ook vooraf opgeneem en op die webtuiste geplaas sodat katkisante nie agter raak met die werk nie.

Ons glo en vertrou vas dat die Here Sy kerk, ook in hierdie moeilike tyd, bewaar, bemoedig en vertroos!

Broedergroete in Christus.

namens die kerkraad

Ds. Chris Botha (Voorsitter)

Oudl. Jan 't Hart (Skriba)